AfriForum

*Deel van die Solidariteit Beweging*

# **Breek** die grendel

## Praktiese voorstelle vir die beëindiging van die nasionale inperking en vir die tydperk daarna

Saamgestel deur Ernst Roets



# Inhoudsopgawe

**1. Inleiding ... 1**

**2. Die nasionale demokratiese rewolusie en die staat van inperking ... 1**

**3. Gevolge van die staat van inperking ... 2**

3.1. Ekonomiese gevolge ... 2

3.2. Politieke gevolge ... 2

3.3. Gemeenskapsveiligheid ... 3

**4. Die beperking van burgerregte ... 4**

4.1. Vryheid van beweging, verblyf en vergadering ... 4

4.2. Ekonomiese aktiwiteite ... 5

4.3. Kinders, gesin en onderwys ... 5

4.4. Die reg en die howe ... 6

4.5. Vryheid van uitdrukking ... 7

4.6. Privaatheid ... 7

4.7. Veiligheid en menswaardigheid ... 8

4.8. Remme en teenwigte ... 8

**5. AfriForum se standpunt ... 9**

**6. AfriForum se kernprioriteite ... 9**

6.1. AfriForum Netwerk ... 9

6.2. Veiligheid ... 9

6.3. Gemeenskapsprojekte ... 9

6.4. Kommunikeer hoop ... 9

6.5. Praktiese toekomsplanne ... 10

6.6. Organisasievolhoubaarheid ... 10

**7. Breek die grendel ... 10**

7.1. 'n Gebalanseerde oplossing ... 10

7.2. Heraktivering van die ekonomie ... 11

*© AfriForum*

7.3. Herinstelling van burgerregte ..... 11

7.4. Bemagtiging van gemeenskappe ..... 11

7.5. Verbreking van staatsafhanklikheid ..... 12

# 1. Inleiding

President Cyril Ramaphosa het op 21 April 2020 aangekondig dat ’n verskeidenheid van ekonomiese en sosiale maatreëls in plek gestel sal word om die skade te bestuur wat uit die staat van inperking spruit. AfriForum het van meet af aan die standpunt ingeneem dat dié organisasie ten gunste van ’n staat van inperking is om die verspreiding van COVID-19 te beperk. Dit beteken egter nie dat ’n blanko tjek aan die regering gegee kan word om mag in homself te sentraliseer, burgerregte op omvattende skaal in te perk, buurtwagte te verbied, mense teen hul wil in kwarantynkampe te vestig en ekonomiese inperkings in plek te stel wat so omvattend is dat mense nie meer in staat sal wees om vir hul gesinne te sorg nie.

Die doel van hierdie dokument is om AfriForum se standpunt te stel oor die staat van inperking en die verlenging daarvan, asook die maatreëls wat deur die regering in plek gestel word om die skade weens die inperking te bestuur. AfriForum se eie prioriteite onder hierdie omstandighede word ook in hierdie dokument uiteengesit.

Ten slotte word ’n reeks praktiese stappe voorgestel om die inperking te beëindig. In die tyd wat voorlê sal AfriForum in besonder daarop toespits om hierdie doelwitte te bevorder.

# 2. Die nasionale demokratiese rewolusie en die staat van inperking

Dit is belangrik om die staat van inperking en die regering se reaksie op COVID-19 binne die konteks van die regerende party se sogenaamde nasionale demokratiese rewolusie (NDR) te beskou. Die NDR, waarop daar in die regerende party se strategiedokumente omvattend uitgebrei word, het ten doel om Suid-Afrika op die pad van sosialisme te plaas. Om hierin te slaag, is dit die regerende party se doel om met verloop van tyd al hoe meer mag in die staat te vestig deur toenemend beheer oor die sogenaamde magshefbome te kry. Deur dit te doen, beoog die regerende party om radikale ekonomiese transformasie te bevorder en die samelewing op ingrypende wyse te herorganiseer – met die staat stewig gevestig as die sogenaamde bewaarder van sy onderdane. Hierdie hefbome sluit die onderskeie staatsfunksies en instellings van die samelewing in. Die regerende party maak dit ook duidelik dat hierdie doel (om al hoe meer mag in die staat te sentraliseer) gedoen moet word met inagneming van die magsbalans. Dit behels kortliks dat wanneer daar groot teenstand teen ’n spesifieke beleidsdoelwit van die regerende party is, daardie doelwit stadiger bevorder moet word. Aan die ander kant voorsien die regerende party dat daar soms geleenthede sal voordoen wanneer daar spronge in die bevordering van die NDR gemaak kan word deur op een oomblik op


© AfriForum

ingrypende wyse mag in die staat te sentraliseer. Daar is geen twyfel nie dat die regering COVID-19 as 'n geleentheid beskou om – met 'n mate van oënskynlike morele regverdiging – 'n groot sprong in die bevordering van die NDR te maak nie. Dit is iets waarvan die publiek kennis moet neem en waarteen daar gewaak moet word.

## 3. Gevolge van die staat van inperking

Die gevolge van die staat van inperking is omvattend. Dit is veral belangrik om die gevolge van die staat van inperking op drie terreine te moniteer, naamlik die ekonomiese gevolge, politieke gevolge en gemeenskapsveiligheid. Die gevolge met betrekking tot mense se burgerregte sal in 'n afsonderlike afdeling behandel word.

### 3.1. Ekonomiese gevolge

Die staat van inperking sal ongetwyfeld nadelige gevolge vir die ekonomie inhou en die meeste mense gaan na afloop daarvan armer wees. Konserwatief beraam sal meer as 1 miljoen mense hul werk as gevolg hiervan verloor en kan staatskuld binne twee jaar 80% van BBP bereik. Die meeste ekonome voorspel tans 'n inkrimping in ekonomiese aktiwiteite van tussen 5% en 10% vir 2020. 'n Peiling wat voor die verlenging van die staat van inperking deur *sme.africa* en Sasfin onder 'n paar duisend klein en mediumgrootte sakeondernemings gedoen is, het bevind dat 62% van besigheidseienaars baie bekommerd is oor die voortbestaan van hul ondernemings. Trouens, 4% het reeds hul besighede gesluit. 53% het ten tyde van die peiling aangedui dat hulle waarskynlik binnekort mense gaan aflê (7% het dit reeds gedoen).

Dit is nie sinvol om drasties in te gryp om die verspreiding van die virus te beperk as 'n mens nie rekening hou met die gevolge wat hierdie maatreëls op ander terreine gaan hê nie. Die ekonoom Dawie Roodt meen dat ekonomiese inkrimping beteken dat mense nie meer kos op die tafel kan sit nie en dat armoede tot meer sterftes kan lei. Hy beraam dat tot 300 000 mense weens die toename in armoede oor die volgende tien jaar in Suid-Afrika kan sterf.

### 3.2. Politieke gevolge

Die politieke gevolge sluit in dat vertroue in president Cyril Ramaphosa aansienlik toegeneem het; ook dat die regering onder hierdie omstandighede vir homself meer mag toegeëien het as nog ooit te vore. Dit is veral opmerklik dat die staat van inperking veral gehoorsaam word deur mense wat nie noodwendig ANC-kiesers is nie. Aan die ander kant is van die gemeenskappe wat



© AfriForum

hulle die minste aan die president se pleidooi vir afsondering steur juis in gebiede waar die ANC sterk ondersteuning geniet. Breedweg kan daar gesê word dat mense wat nie vir die President gestem het nie in hierdie omstandighede meer gehoorsaam aan hom is as mense wat wel vir hom gestem het. Die regering gebruik ook die omstandighede om regulering en formalisering te versterk, veral in die informele sektor. Om regulering en formalisering tydens 'n krisis te begin of te versterk, is 'n duidelik aanduiding daarvan dat die regering se prioriteite steeds ideologies van aard is.

Ingevolge die NDR streef die regerende party daarna om Suid-Afrika op die pad van sosialisme te plaas. Dit word gedoen deur mag toenemend in die staat te sentraliseer. In dié opsig is COVID-19 ’n besturing vir die ANC, wat op dié krisis kapitaliseer deur ’n sprong in die bereiking van die NDR te maak.

## 3.3. Gemeenskapsveiligheid

Die staat van inperking het ’n geweldige impak op die veiligheidsituasie in Suid-Afrika. Die Suid-Afrikaanse samelewing is reeds buitengewoon gewelddadig; indien nood toeneem, kan daar redelikerwys voorspel word dat geweld ook sal toeneem. Een van die skreiendste aspekte van die staat van inperking is dat gemeenskappe verbied word om buurtwagte te bedryf om na hul eie veiligheid om te sien – selfs al sou dié buurtwagte in samewerking met die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) funksioneer.

’n Toename in veediefstal, wildstropery en oesdiefstal is reeds in sekere gebiede aangemeld. Daar is ook ’n duidelike toename in huisbrake en plundery in sekere gebiede opgemerk. Tans is dit veral die Wes-Kaap en sekere dele van die Oos-Kaap wat deurloop. Plunderaars dra winkels of vragmotors leeg en sê eenvoudig dat hulle dit doen omdat hulle honger is en nie kos op die tafel kan sit nie. Die krisis plaas ook groot druk op logistieke netwerke wat voedselverspreiding deur groot kettingwinkels betref. Die risiko bestaan reeds dat kettingwinkels huiwerig is om voedsel in sekere areas af te lewer uit vrees dat voertuie geplunder word. Indien dié winkels nie meer gediens word nie, ontstaan die risiko eenvoudig dat meer hoofstroomroetes deur plunderaars geteiken word.

Daar heers ook groot kommer oor die omvang van ingryping deur die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag (SANW) om die staat van inperking af te dwing. SANW-lede is met aanvalsgewere toegerus, maar dit blyk dat hulle – benewens ’n tekort aan nodige toerusting – nie opgelei is om oproerbeheer op verantwoordelike wyse toe te pas nie.



© AfriForum

Sedert die begin van die staat van inperking het dit ook duidelik geword dat politieke inmenging op senior vlak by die SAPD ’n negatiewe impak op die moraal van die SAPD het – veral op grondvlak. ’n Ooglopende voorbeeld hiervan is die dankbaarheid waarmee plaaslike polisiestasies wat nie met handreiniger toegerus was nie sulke skenkings van AfriForum ontvang het – net om beveel te word om alle handreiniger terug te gee wat van AfriForum ontvang is.

Waar Suid-Afrika vroeër oor meer as 60 000 polisiereserviste beskik het, is daar vandag skaars 5 000 reserviste oor. Indien die SAPD die nodig aandag aan sy reserviste geskenk het, sou dit waarskynlik nie nodig gewees het om die SANW in te roep om die krisis te help bestuur nie.

Dié kwessies gee bloot ’n oorsig oor die krisis waarin die Suid-Afrikaanse veiligheidsmagte hul tans bevind, asook die risiko’s wat vir volhoubare gemeenskapsveiligheid in Suid-Afrika bestaan. Dit is van kardinale belang om die krisis op te los, veral omdat gemeenskappe volgens inperkingsregulasies verbied word om na hul eie veiligheid om te sien.

# 4. Die beperking van burgerregte

## 4.1. Vryheid van beweging, verblyf en vergadering

*Regte*

Elkeen het die reg op vryheid van beweging. Hulle het die reg om Suid-Afrika binne te kom, te verlaat en in Suid-Afrika te woon. Elkeen het die reg om vreedsaam en ongewapen te vergader, te betoog, ’n betooglinie te vorm en petisies voor te lê.

*Beperkings*

Munisipaliteite is beveel om alle openbare fasiliteite te sluit wat nie noodsaaklike dienste lewer nie. Dit sluit swembaddens, strande, biblioteke, gemeenskapsale, ontspanningsentrums, museums, galerye, markte, parke en geleenthede in. Gemeenskapsbyeenkomste, troues en ander feestelikhede is verbode. Begrafnisse mag voortgaan, maar roubeklaers word beperk tot nabye familie en hoogstens 50 mense. Geen permitte word uitgereik vir optogte, protesaksies en die oorhandiging van petisies nie. Elke mens word tot hul woonhuis beperk, buiten uitsluitlik vir die doel om noodsaaklike dienste te verrig, noodsaaklike goedere en dienste te bekom, sosiale toelaes en pensioene te kry of om nood-, lewensreddende of chroniese mediese dienste te bekom.



© AfriForum

Beweging tussen provinsies en metropolitaanse en distriksgebiede word verbied, buiten vir noodsaaklike werkers, die vervoer van vrag en stoflike oorskot, of om begrafnisse by te woon.

*Gevalle*

’n Bruid en bruidegom is op 5 April in Richardsbaai in hegtenis geneem saam met hul 50 gaste en die pastoor wat die seremonie gelei het, omdat hulle die beperking op huweliksfeeste oortree het.

## 4.2. Ekonomiese aktiwiteite

*Regte*

Elke burger het die reg om hul bedryf, beroep of professie vrylik te beoefen.

*Beperkings*

Alle sakeondernemings en ander entiteite moet alle bedrywighede tydens die inperking staak, buiten enige ondernemings of entiteite wat noodsaaklike goedere of dienste vervaardig of voorsien. Kleinhandelaars en inkopiesentrums moet gesluit wees, buiten waar noodsaaklike goedere verkoop word. Kleinhandelaars wat noodsaaklikhede verkoop, word belet om enige ander goedere te verkoop.

## 4.3. Kinders, gesin en onderwys

*Regte*

Elke kind jonger as 18 jaar het die reg op gesin- en ouersorg, of om alternatiewe sorg te bekom wanneer hulle uit hul gesinsomgewing weggeneem word. Hulle het die reg om teen mishandeling, verwaarlosing, misbruik of vernedering beskerm te word, en mag nie aangehou word nie, buiten as ’n laaste uitweg, en dan moet hulle aangehou word afsonderlik van ander aangehoudenes wat ouer as 18 jaar is. ’n Kind se beste belange is van deurslaggewende belang in enige aangeleentheid wat die kind raak.

Elkeen het die reg op basiese onderwys en toegang tot verdere onderwys.

*Beperkings*

Skole en gedeeltelikesorgfasiliteite is tot verdere kennisgewing gesluit. Kinders in kinder- en jeugsorgsentrums mag nie uitgelaat word of besoekers ontvang nie. Mense in ouetehuise, verswaktesorgfasiliteite en fasiliteite vir mense met gebreke mag nie uitgelaat word of besoekers ontvang nie.



© AfriForum

Kinders moet in die bewaring bly van daardie ouer by wie hulle was toe die inperkingstydperk begin het. Hulle word belet om tussen ouers te beweeg, buiten wanneer ’n reëling getref is om die kind van een ouer na ’n ander te neem ingevolge ’n hofbevel of ooreenkoms wat by die kinderadvokaat geregistreer is. Geen persoon van die huishouding waarheen die kind geneem word, mag die virus onder lede hê of daarvan vermoed word dat hulle die virus onder lede het nie. Die persoon wat die kind vervoer, moet ’n gesertifiseerde afskrif van die hofbevel of ooreenkoms by hul hê.

Howe kan bevele uitreik oor pleegsorg, aanneming, die verwydering van kinders wat sorg en beskerming benodig, the plasing van kinders in kinder- en jeugsorgsentrums, en in internasionale kinderontvoeringsake.

## 4.4. Die reg en die howe

*Regte*

Elkeen het die reg op ’n regverdige openbare verhoor in ’n hof om ’n wetdispuut by te lê. ’n Persoon wat in hegtenis geneem is, het die reg om binne 48 uur voor ’n hof te verskyn en om aangekla te word, óf ingelig te word van die rede vir die voortsetting van hul aanhouding, óf om vrygelaat te word. ’n Aangehoudene het die reg om te weet waarom hulle aangehou word en om met ’n prokureur te konsulteer. Hulle het die reg om die wetlikheid van hul aanhouding te betwis en vrygelaat te word as hulle onwettig aangehou word. Hulle het die reg om te kommunikeer met en besoek te word deur hul gesin, godsdiensraadgewer en dokter.

*Beperkings*

Toegang tot die howe en hofgebiede word slegs toegelaat in geval van dringende en noodsaaklike sake. Die balju mag slegs bevele beteken en uitvoer in dringende en noodsaaklike gevalle. Dit sluit in bevele oor COVID-19, beskermingsbevele vir huishoudelike geweld en teistering, en eise wat voorskrywend is. Uitsettingsbevele word vir die duur van die staat van inperking opgeskort.

Geen verhoorafwagtende aangehoudenes in korrektiewe sentrums en polisie-aanhoudingselle mag voor enige hof of in enige hofgebied gebring word nie, buiten vir ’n eerste verskyning, ’n borgtogaansoek of ’n saak waarvoor daar spesiale reëlings getref is met die regsbeamptes wat met die saak gemoeid is. Prokureurs word slegs toegelaat om na die hof te reis vir sake wat as dringende sake geklassifiseer is. Hulle mag wel na ’n polisiestasie gaan om polisieborgtog te reël ná bevestiging deur die ondersoekbeampte.



© AfriForum

## 4.5. Vryheid van uitdrukking

*Regte*

Elkeen het die reg op vryheid van uitdrukking, insluitend die pers en ander media, asook die vryheid om inligting of idees te ontvang of te deel.

*Beperkings*

Dit is ’n misdaad om opsetlik voor te gee dat iemand met die koronavirus geïnfekteer is. Dit is ’n misdaad om enige mededeling te publiseer met die doel om enige ander persoon te mislei oor COVID-19, oor die COVID-19-infeksiestatus van enige persoon of oor enige maatreëls wat deur die regering afgekondig is om COVID-19 aan te spreek. ’n Oortreder kan beboet word en/of gevangenisstraf van ses maande opgelê word.

*Gevalle*

’n Man is op 7 April in Kaapstad in hegtenis geneem nadat hy ’n video gemaak en versprei het waarin hy aanvoer dat die regering 10 000 werkers gaan uitstuur om deur-tot-deur-toetse vir COVID-19 uit te voer. Hy het mense gemaan om dié toetse te weier omdat die toetse met die virus besmet kon wees.

## 4.6. Privaatheid

*Regte*

Elkeen het die reg op privaatheid, insluitend die reg dat hul persoon, woning of eiendom nie deursoek word nie, daar nie op hul besittings beslag gelê word nie of dat die privaatheid van hul kommunikasie nie geskend word nie.

*Beperkings*

Die Direkteur-Generaal van Gesondheid beskik oor die mag om internet- en selfoondiensverskaffers te dwing om die ligging en bewegings bekend te maak van enige persoon wat COVID-19 onder lede het of met redelike sekerheid COVID-19 opgedoen het, of enigeen met wie hulle in aanraking was. Dié inligting mag slegs gebruik word deur gemagtigde personeel om die verspreiding van COVID-19 aan te spreek, te voorkom of te beveg. ’n Verslag met die name van die persone wat gemoniteer word, moet by ’n afgetrede regter ingedien word. Die inligting moet ná ses weke vernietig word. Elkeen wat gemoniteer was, moet binne ses weke ná die einde van nasionale ramptoestand hiervan ingelig word.



© AfriForum

## 4.7. Veiligheid en menswaardigheid

Elkeen het ingebore waardigheid en die reg dat dié waardigheid gerespekteer en beskerm word. Elkeen het die reg op vryheid en sekerheid van die persoon, wat insluit die reg om nie arbitrêr of sonder billike rede van vryheid ontneem te word nie, om nie sonder verhoor aangehou te word nie, om vry te wees van alle vorme van geweld van sowel openbare of privaat oorsprong, om nie op enige wyse gemartel te word nie en om nie op wrede, onmenslike of vernederende wyse behandel of gestraf te word nie. Elkeen het die reg op liggaamlike en sielkundige integriteit, wat insluit die reg om besluite oor voortplanting te neem, die reg op sekuriteit van en beheer oor hul liggaam, en om nie sonder hul ingeligte toestemming aan mediese en wetenskaplike eksperimente onderwerp te word nie.

*Beperkings*

’n Persoon wat aan COVID-19 ly of vermoedelik daaraan ly, of met ’n draer in kontak was, mag nie toestemming vir ’n mediese ondersoek weier nie. Dit sluit in die neem van ’n liggaamlike monster, opname in ’n gesondheidsfasiliteit of plek van kwarantyn of isolasie, of onderwerping aan verpligte profilakse, behandeling, isolasie of kwarantyn.

*Gevalle*

Daar is berigte dat die SAPD brutale maatreëls gebruik om die staat van inperking af te dwing. Die onafhanklike Polisie-ondersoekdirektoraat (OPOD) het klagtes ontvang dat mense deur die SAPD aangerand en gedood is. Teen 26 Maart het OPOD reeds 14 aanrandings, een verkragting en agt sterftes weens polisieaksie aangeteken.

## 4.8. Remme en teenwigte

Die beperking van basiese burgerregte, soos wat hierbo uiteengesit is, beskou saam met die feit dat die parlement, howe en hoofstuk 9-instellings nie na behore kan funksioneer nie, het tot gevolg dat die meeste van die remme en teenwigte, wat ten doel het om die regering verantwoordbaar te hou, tans ondoeltreffend is. Die belangrikste teenwig is tans die burgerlike samelewing. Dit is juis hiér waar instellings soos AfriForum ’n belangrike rol kan speel.



© *AfriForum*

# 5. AfriForum se standpunt

AfriForum beskou COVID-19 as 'n pandemie wat ernstig opgeneem moet word. Daarom is AfriForum ten gunste daarvan dat maatreëls in plek gestel word om die verspreiding van dié virus te beperk. AfriForum is egter bekommerd oor die vernietigende gevolge wat 'n staat van inperking vir gemeenskapsveiligheid en die ekonomie – en dus mense se welsyn oor die algemeen – kan inhou. AfriForum is ook gekant teen oorbodige staatsingryping. Die president en die kabinet het dit herhaaldelik beklemtoon dat dié krisis gebruik moet word om 'n herstrukturering van die samelewing te bewerkstellig aan die hand van die regerende party se ideologiese doelwitte. Die uitbuiting van 'n pandemie om meer mag in die staat te vestig en as 't ware ideologiese doelwitte in die vorm van 'n "nasionale demokratiese rewolusie" te dryf, is immoreel en roekeloos en moet teengestaan word.

# 6. AfriForum se kernprioriteite

Onder die omstandighede het AfriForum die volgende kernprioriteite vir die organisasie geïdentifiseer.

## 6.1. AfriForum Netwerk

Die AfriForum Netwerk kan veral aangewend word om ondersteuning aan sakeondernemings te bied wat hul weens die staat van inperking in 'n moeilike finansiële posisie bevind. Lede word ook aangemoedig om sakeondernemings op dié netwerk te ondersteun.

## 6.2. Veiligheid

Die projekte van AfriForum se gemeenskapsveiligheidafdeling word geprioritiseer.

## 6.3. Gemeenskapsprojekte

AfriForum spits hom nou veral daarop toe om ondersteuning aan gemeenskappe te bied en só 'n daadwerklike verskil te maak.

## 6.4. Kommunikeer hoop

AfriForum se kommunikasie-uitsette is veral daarop toegespits om vir mense hoop te gee. Om hierin te slaag, fokus kommunikasie in besonder op drie terreine.



© AfriForum

a. Eerstens kommunikeer AfriForum oor die praktiese aksies wat in die gemeenskap gebruik word om ’n verskil te maak.
b. Tweedens spits AfriForum hom daarop toe om aan sy lede konteks te gee oor wat tans besig is om te gebeur.
c. Derdens verwerk AfriForum inligting oor die koronavirus en rus sy lede met betroubare inligting oor die stand van sake toe.

### 6.5. Praktiese toekomsplanne

AfriForum doen navorsing om in die eerste plek vas te stel watter scenario’s in die toekoms moontlik weens COVID-19 en die staat van inperking kan uitspeel. Tweedens word die organisasie op dié verskillende scenario’s voorberei. Dit sluit in om te bepaal wat in die wêreld – maar ook in Suid-Afrika – gaan gebeur, asook om aanbevelings te maak oor hoe AfriForum en sy lede hulself moet op hierdie veranderings voor te berei.

### 6.6. Organisasievolhoubaarheid

Onder die omstandighede moet AfriForum veral daarop fokus om sy bestuursmodel by die omstandighede aan te pas, om tegnologie beter aan te wend en meer doeltreffend te werk, asook om te verseker dat personeel doeltreffend aangewend word.

## 7. Breek die grendel

In die lig van die kwessies wat hierbo uitgelig word, is dit nou belangrik om die grendel te breek. AfriForum is van voorneme om in die weke wat voorlê bykomende praktiese voorstelle in hierdie verband bekend te stel. Dit kan egter gedoen word aan die hand vyf voorstelle waarvoor AfriForum hom nou beywer.

### 7.1. ’n Gebalanseerde oplossing

Opinor het uitgewys dat COVID-19 binne die konteks van ander bedreigings beskou moet word en dat maatreëls om COVID-19 te bestry die bestaande werklikhede rondom mortaliteit in Suid-Afrika in ag moet neem. In hierdie verband is die belangrik dat maatreëls rekening moet hou met die verskil in die impak wat COVID-19 op verskillende ouderdomsgroepe het. In 2017 het byvoorbeeld 828 kinders in Suid-Afrika as gevolg van wanvoeding gesterf. Na beraming kan ongeveer 22 kinders in hierdie ouderdomsgroep as gevolg van COVID-19 sterf. Daarteenoor sal rofweg 90% van die sterftes as gevolg van COVID-19 beraam word uit die ouderdomsgroep van


© AfriForum

50+ wees. 'n Reaksie op COVID-19 moet dus weerbare mense – en veral ouer mense – beskerm, maar moet rekening hou met die feit dat jonger mense aansienlik minder kwesbaar vir die virus is.

## 7.2. Heraktivering van die ekonomie

Daar kan nie bloot lippediens aan die heraktivering van die ekonomie gelewer word nie. Daadwerklike stappe moet gedoen word om die beperkings van mense se ekonomiese vryhede op te hef, sodat mense weer kan werk, 'n inkomste genereer, hul werknemers betaal, salarisse ontvang en uiteindelik vir hul gesinne kos gee en belasting betaal. Dit is belangrik dat die ekonomie nie bloot as 'n abstrakte konsep beskou word nie. Boonop moet mense begin besef dat 'n krimpende ekonomie beteken dat mense nie meer kos op die tafel sal kan sit nie, wat uiteindelik tot groter onlus en sterftes lei.

Die heraktivering van die ekonomie vereis veral dat die kunsmatige onderskeid tussen noodsaaklike en nienoodsaaklike dienste gestaak word en dat gesonde mense wat wil werk, toegelaat word om te kan werk. Dit is nie nodig vir die regering om mikrobestuur op maatskappye toe te pas nie, omdat die privaat sektor reeds op groot skaal ingekoop het op die idee dat maatreëls getref moet word om die verspreiding van die virus te beperk deur byvoorbeeld reinigers beskikbaar te stel en werknemers toe te laat om van die huis af te werk.

## 7.3. Herinstelling van burgerregte

In die lig van die regerende party se doelwit om toenemend mag in die staat te sentraliseer en gevolglik die publiek se vryheid toenemend te beperk, bestaan daar 'n rasionele vrees dat die staat huiwerig sal wees om die ingrypende beperking van die publiek se regte ten volle te herstel wanneer die staat van inperking afgelas word. Die regering behoort eerstens nou reeds die onderneming te gee dat burgerregte ten volle herstel sal word. Tweedens behoort die regering ook reeds met 'n verslappingsproses in dié verband te begin. In soverre mense se vryhede beperk en hul regte geskend word, sal AfriForum voortgaan om te litigeer en steunwerwingsveldtogte in dié verband van stapel te stuur.

## 7.4. Bemagtiging van gemeenskappe

Gemeenskappe moet bemagtig word om na hul eie belange om te sien. Die mees skreiende skending van gemeenskappe se vryhede is waarskynlik die feit dat hul verbied word om deur middel van buurtwagte na hul eie veiligheid om te sien. Waar die staat se ideologiese instink is om meer mag in die staat te vestig en as 't ware gemeenskappe se vryhede te beperk, is dit nie



© AfriForum

net maklik nie maar ook nodig om aan gemeenskappe die nodige vryheid te gee om na hul eie sake om te sien sonder dat mikrobestuur deur die staat toegepas word.

## 7.5. Verbreking van staatsafhanklikheid

Dit is duidelik dat die regering se hantering van die krisis ten doel het om mense onder hierdie omstandighede meer afhanklik van die staat te maak, eerder as om mense te bevry om selfstandig na hul eie belange om te sien. Dit kan veral gesien word in die regering se voortgesette aandrang op swart ekonomiese bemagtiging, wat juis die teenoorgestelde as bemagtiging vir die swart gemeenskap bereik en eerder staatsafhanklikeid bevorder. Dit is ook te sien in byvoorbeeld die toename in staatsubsidies, maatskaplike toelae en die oorbodige staatsregulering van die ekonomie. Die teenoorgestelde moet nou gedoen word: Mense moet aangespoor word om vir ’n inkomste te werk, Om hierdie funksie te vergemaklik, behoort mense meer vryheid te geniet eerder as om gemikrobestuur te word. Staatsgoedgekeurde diskriminasie wat ten doel het om voordele vir sekere kategorieë van mense te gee, bevorder ook staatsafhanklikheid en moet gestaak word. Bykomend tot hierdie punte moet drastiese stappe nou gedoen word om die staat te verklein en daarmee ook die staat se uitgawes te beperk.



© AfriForum